KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 18 JULIE 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**RAADSLEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh J Raats | [DA] | Speaker |
| Rdh E Manuel | [DA] | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me S Crafford | [DA] | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh A De Vries | [DA] | |
| Rdl C Snyders | [DA] | |
| Rdl D Smith | [DA] | |
| Rdl J Botha | [DA] | |
| Rdl Me C Snyders | [ANC] | |
| Rdl A Maarman | [ANC] | |
| Rdl Me S Smit | [ANC] | |

**AMPTENARE**

| | |
|---|---|
| Adv. H Linde | Munisipale Bestuurder |
| Mnr J van Niekerk | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr J Kotzee | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr J Breunissen | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Me J Erasmus | Interne Ouditeur |
| Me A van Sittert | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr N Scheepers | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me C Cloete | Senior Tikster |

AKSIE

**RVN001/07/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Mnr Scheepers open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

***

**RVN002/07/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid W Dirks – siekverlof
Raadslid S Claasen – afwesig met verskoning
Direkteur Tegniese Dienste - siekverlof

***

**RVN003/07/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie

***

**RVN004/07/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 21 JUNIE 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 21 Junie 2016 bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER***

***

**RVN005/07/2016**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende verklarings/mededelings:

**A. MADIBA-DAG**

- Dat Madiba-dag op Maandag 18 Julie 2016 gevier word en dat alle raadslede en amptenare aangemoedig word om hul 67 minute van diens te verrig.

**B. LEED**

- Dat 'n kollega, Me Rudensia Schaap, se moeder oorlede is;
- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste se susterskind oorlede is; en
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste tans aansterk nadat hy 'n operasie ondergaan het op Vrydag 15 Julie 2016.

**C. LIEF**

- Dat die Uitvoerende Burgemeester op Dinsdag 16 Augustus 2016 verjaar.

Die Munisipale Bestuurder lig die Raad in dat die inhuldiging van die nuwe Raad op Donderdag 11 Augustus 2016 sal plaasvind.

***

**RVN006/07/2016**
**ONDERHOUD MET AFVAARDIGINGS: SUBMISSION: PROGRESS REPORT OF THE BERGRIVIER ECONOMIC DEVELOPMENT FORUM**
**15/1/5/5**
***(visuele voorlegging)***

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee 'n bondige samevatting van die item onder bespreking en 'n visuele voorlegging word vertoon.

Verdere kommentaar / insette word deur die Raadslede gelewer.

Die Speaker bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste vir 'n interessante en breedvoerige voorlegging en wens haar geluk met die inisiatief.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

**RESOLUTION:**

That Council takes note of the progress made with regard to the Bergrivier Economic Development Forum and the four working committees.

***

**RVN007/07/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Raadslid Smit noem aan die vergadering dat 'n tydelike woning afgebrand het in Piketberg en bedank die Munisipale Bestuurder vir die spoedige reaksie.

Verder maak sy melding dat sy 'n lys van die begunstigdes van die Porterville behuisingprojek so gou moontlik benodig, waarop die Munisipale Bestuurder reageer deur te noem dat sy kennis neem van die versoek.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN008/07/2016**
**FIRST URGENT MATTER FROM THE MUNICIPAL MANAGER: 2015/16 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 1 APRIL – 30 JUNE 2016 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52 (d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**
***(The Municipal Manager distribute the Annexure – A at the meeting)***

**RESOLUTION:**

1. That the quarterly performance report for quarter 4 (1 April 2016 to 30 June 2016) be noted;

***MANAGER: STRATEGIC SERVICE***

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and

3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2016.

***

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

**RVN009/07/2016**
**<u>2017 – 2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN: PROSESPLAN</u>**
**15/1/5/5**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee 'n breedvoerige opsomming van die item onder bespreking.

Raadslid Maarman versoek dat 'n regstelling gedoen word op bl.16, 'Annexure A' van die dokument deur die byvoeging van die woord "concept" onder die hofie "Womens' day".

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die konsep Prosesplan, soos gewysig, vir die opstel van die 2017-2022 GOP vir Bergrivier Munisipaliteit ingevolge Artikel 28 van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) in beginsel goedgekeur word;
2. Dat die insette en kommentaar van die plaaslike gemeenskap op die konsep Prosesplan verkry word; en
3. Dat die konsep GOP Prosesplan in Augustus 2016 vir finale goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

***

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

**RVN010/07/2016**
**<u>BEHUISING: VERVREEMDING VAN GROND VIR STAATSGEFINANSIERDE BEHUISINGSPROJEKTE</u>**
**17/5/1**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond van die item onder bespreking en meld 'n wysiging tot die aanbeveling.

Raadsheer de Vries meld dat die Raad kennis neem dat toekomstige besluite /bepalings geneem moet word ten opsigte van die waarde van die eiendom wat gekoppel is aan GAP-behuising.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat GAP behuisingsprojekte in die verslag ***geskrap*** word;

***

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

2. Dat die grond wat benodig word vir die goedgekeurde behuisingspyplyn en aangewend word vir die konstruksie van staatsgefinansierde behuising gratis deur die Raad beskikbaar gestel word, waar die Raad die eienaar daarvan is; en
3. Dat die Raad op 'n latere stadium oorweging skenk oor die wyse waarop grond beskikbaar gestel sal word vir die vestiging van GAP-behuising.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN011/07/2016**

**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 MEI 2016**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 31 Mei 2016.

***

**RVN012/07/2016**

**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**

**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN013/07/2016**

**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN014/07/2016**

**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:25***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

***VOORSITTER (SPEAKER)*** — ***DATUM***